(*a*) Voeg in subregulasie (*a*) van regulasie 5 na die woorde „Alle walvisse", die woorde „uitgesonderd minkewalvis" in.

(*b*) Skrap regulasie 7 en vervang dit deur die volgende regulasie:—

„7. (*a*) Die kaptein of die gesagvoerder van 'n fabriekskip moet die vang van walvisse vir aflewering aan 'n fabriekskip so reël of beperk dat geen walviskarkas (uitgesonderd die karkas van 'n walvis wat as skutting gebruik word, en wat bewerk moet word sodra dit redelikerwys moontlik is) langer as 33 uur in die see bly vandat dit doodgemaak is totdat dit vir behandeling opgetrek word nie.

(*b*) Walvisse wat deur alle walvisvangers gevang word, hetsy vir fabriekskepe of landstasies, moet duidelik gemerk word om die vanger te identifiseer en die volgorde waarin die walvisse gevang is, aan te dui.

(*c*) All whale catchers, operating in conjunction with a factory ship, shall report by radio to the factory ship—

(1) the time when each whale is taken;
(2) its species; and
(3) its marking effected pursuant to sub-paragraph (*b*) of this regulation.

(*d*) The information reported by radio pursuant to sub-paragraph (*c*) of this regulation shall be entered immediately in a permanent record which shall be available at all times for examination by the whaling inspectors; and in addition there shall be entered in such permanent record the following information as soon as it becomes available—

(1) time of hauling up for treatment;
(2) length, measured pursuant to Part IV, 3 (*c*);
(3) sex;
(4) if female, whether milk-filled or lactating;
(5) length and sex of foetus, if present; and
(6) a full explanation of each infraction.

(*e*) A record similar to that described in sub-paragraph (*d*) of this regulation shall be maintained by land stations, and all of the information mentioned in the said sub-paragraph shall be entered therein as soon as available."

(*c*) Add the following new regulation:—

"11. (*a*) Subject to the provisions of sub-regulations (*b*) and (*d*) (vi) no person shall take baleen whales in any waters south of 40° south latitude except during the period the second day of January in any year to a date in that year notified to the Master or person in charge of a factory ship, by a whaling inspector on such factory ship, as the date after which the taking of baleen whales shall cease, or to the seventh day of April in that year, whichever may be the earlier.

(*b*) No person shall take any humpback whale in any waters south of 40° south latitude except during the period the first day of February in any year to a date three days after the date in that year on which the Master or person in charge of a factory ship has been advised by the International Whaling Commission or a whaling inspector on such factory ship, that no more humpback whales may be taken.

(*c*) (i) No person shall use a factory ship, which has been used south of 40° south latitude during the period stipulated in sub-regulation (*a*) above for the purpose of manufacturing oil from baleen whales, for that purpose elsewhere within a period of twelve months from the end of that period.

(ii) No person shall use a factory ship for the purpose of manufacturing oil from sperm whales in any area or in any waters except during a continuous period of eight months in any period of twelve months, such period of eight months to include the period referred to in sub-regulation (*a*) above during which baleen whales may be taken.

(*d*) No person shall take baleen whales in any of the following areas:—

(i) In the waters north of 66° north latitude, except that from 150° east longitude eastwards as far as 140° west longitude the taking or killing of such whales by such ship or catcher shall be permitted between 66° north latitude and 72° north latitude;

(ii) in the Atlantic Ocean and its dependent waters north of 40° south latitude;

(iii) in the Pacific Ocean and its dependent waters east of 150° west longitude between 40° south latitude and 35° north latitude;

(iv) in the Pacific Ocean and its dependent waters west of 150° west longitude between 40° south latitude and 20° north latitude;

(*c*) Alle walvisvangers wat met 'n fabriekskip saamwerk, moet—

(1) die uur waarop elke walvis gevang word;
(2) die soort walvis; en
(3) die merk wat ingevolge subparagraaf (*b*) van hierdie regulasie daarop aangebring is,

per radio aan die fabriekskip meedeel.

(*d*) Die inligting wat ingevolge subparagraaf (*c*) van hierdie regulasie per radio verstrek word, moet onmiddellik in 'n permanente register ingeskryf word wat te alle tye beskikbaar moet wees vir ondersoek deur die walvisinspekteurs; daarenbowe moet onderstaande inligting ook in die permanente register ingeskryf word sodra dit beskikbaar word:—

(1) Uur waarop opgetrek vir behandeling;
(2) lengte, gemeet ooreenkomstig Deel IV, 3 (*c*);
(3) geslag;
(4) indien 'n koei, of dit vol melk is of melk afskei;
(5) lengte en geslag van fetus, as dit aanwesig is; en
(6) 'n volledige verduideliking van elke oortreding.

(*e*) 'n Register wat ooreenstem met dié wat in subparagraaf (*d*) van hierdie regulasie beskryf word, moet deur landstasies gehou word, en al die inligting gemeld in genoemde subparagraaf, moet daarin ingeskryf word sodra dit beskikbaar word."

(*c*) Voeg onderstaande nuwe regulasie by:—

„11. (*a*) Behoudens die bepalings van subregulasies (*b*) en (*d*) (vi), mag niemand baleinwalvisse in waters besuide 40° suiderbreedte vang nie behalwe gedurende die tydperk wat strek van die tweede dag van Januarie in enige jaar tot 'n datum in daardie jaar wat aan die kaptein of gesagvoerder van 'n fabriekskip deur 'n walvisinspekteur op so 'n fabriekskip bekendgemaak word as die datum waarna die vang van baleinwalvisse gestaak moet word, of tot die sewende dag van April in daardie jaar, watter datum ook al die eerste is.

(*b*) Niemand mag 'n bultrugwalvis in waters besuide 40° suiderbreedte vang nie behalwe gedurende die tydperk wat strek van die eerste dag van Februarie in enige jaar tot 'n datum drie dae na die datum in daardie jaar waarop die kaptein of gesagvoerder van 'n fabriekskip deur die Internasionale Walviskommissie of 'n walvisinspekteur op so 'n fabriekskip meegedeel is dat daar nie meer bultrugwalvisse gevang mag word nie.

(*c*) (i) Niemand mag 'n fabriekskip wat gedurende die tydperk bepaal in subregulasie (*a*) hierbo, besuide 40° suiderbreedte gebruik is vir die vervaardiging van olie uit baleinwalvisse, binne 'n tydperk van twaalf maande van die einde van genoemde tydperk af vir daardie doel elders gebruik nie.

(ii) Niemand mag 'n fabriekskip vir die vervaardiging van olie uitpotvisse in enige gebied of in enige waters gebruik nie behalwe gedurende 'n aaneenlopende tydperk van agt maande in enige tydperk van twaalf maande, en sodanige tydperk van agt maande sluit die tydperk in wat in subregulasie (*a*) hierbo genoem word as die tydperk waarin baleinwalvisse gevang kan word.

(*d*) Niemand mag baleinwalvisse in enigeen van die volgende gebiede vang nie:—

(i) In die waters benoorde 66° noorderbreedte, met dié uitsondering dat, van 150° oosterlengte ooswaarts tot so ver as 140° westerlengte, so 'n skip of walvisvanger toegelaat word om sulke walvisse tussen 66° noorderbreedte en 72° noorderbreedte te vang of dood te maak;

(ii) in die Atlantiese Oseaan en die afhanklike waters daarvan benoorde 40° suiderbreedte;

(iii) in die Stille Oseaan en die afhanklike waters daarvan oos van 150° westerlengte tussen 40° suiderbreedte en 35° noorderbreedte;

(iv) in die Stille Oseaan en die afhanklike waters daarvan wes van 150° westerlengte tussen 40° suiderbreedte en 20° noorderbreedte;

(v) in the Indian Ocean and its dependent waters north of 40° south latitude;

(vi) in the waters south of 40° south latitude from 70° west longitude westward as far as 160° west longitude;

(*e*) Subject to the provisions of sub-regulation (*c*) above no person shall—

(i) take baleen whales in any area or in any waters north of 40° south latitude except during the period the first day of May to the thirty-first day of October in any year;

(ii) take minke whales in any area or in any waters except during the period the first day of May to the thirty-first day of October in any year;

(iii) take sperm whales in any area or in any waters except during the period the first day of March to the thirty-first day of October or the period the first day of May to the thirty-first day of December in any year.

(*f*) No person shall capture, take or kill grey whales or right whales.

(*g*) Nothwithstanding the provisions of sub-paragraphs (*a*) (*b*) (*c*) and (*e*) of this regulation, the treatment of whales which have been taken during an open season may be completed after the end of such open season."

✱ No. 989.] [2 May 1952.

AMENDMENT OF THE WEIGHTS AND MEASURES REGULATIONS.—CORRECTION NOTICE.

It is hereby notified for general information that the word " their " which appears in the third line of the English version of regulation 5 (2) (*g*), published in Government Notice No. 534, dated 21st March, 1952, should read " then ".

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 952.] [2 May 1952.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—AMENDMENT OF REGULATIONS.

It is hereby notified that the Minister of Health, in the exercise of the powers conferred upon him by sections *forty-two* and *forty-three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), and being of the opinion that the delay entailed by publication in the *Government Gazette* of his intention to amend the regulations framed under that Act, would be prejudicial to the public interest, has, with effect from the date hereof, further amended the regulations made under sections *thirteen, thirty-six* and *forty-two* of the said Act and published under Government Notice No. 575 of the 28th March, 1930, as amended, by the deletion of regulation 14 *bis* and the substitution therefor of the following:—

" 14 *bis*. (1) In this regulation ' Mineral Oil ' means any hydrocarbon product, whether liquid, semi-liquid or solid, derived from any substance of mineral origin, and includes liquid paraffins, white oils, petroleum jellies and hard paraffins.

(2) No person shall sell any food containing mineral oil, or any food which has come into contact with mineral oil in its production, manufacture or preparation; provided that raisins (excluding Thompson's stoneless raisins), sultanas and prunes, or food which has necessarily come into contact with mineral oil necessarily used as a lubricant or greasing agent on machinery and appliances with which such food necessarily comes in contact during the course of its production, manufacture or prepara-

(v) in die Indiese Oseaan en die afhanklike waters daarvan benoorde 40° suiderbreedte;

(vi) in die waters besuide 40° suiderbreedte van 70° westerlengte weswaarts tot so ver as 160° westerlengte.

(*e*) Behoudens die bepalings van subregulasie (*c*) hierbo, mag niemand—

(i) baleinwalvisse in enige gebied of waters benoorde 40° suiderbreedte vang nie, behalwe gedurende die tydperk wat strek van die eerste dag van Mei tot die een-en-dertigste dag van Oktober in enige jaar;

(ii) minkewalvisse in enige gebied of waters vang nie, behalwe gedurende die tydperk wat strek van die eerste dag van Mei tot die een-en-dertigste dag van Oktober in enige jaar;

(iii) potvisse in enige gebied of waters vang nie, behalwe gedurende die tydperk wat strek van die eerste dag van April tot die dertigste dag van November in enige jaar.

(*f*) Niemand mag vaalwalvisse of Groenlandse walvisse vang, neem of doodmaak nie.

(*g*) Nieteenstaande die bepalings van subparagrawe (*a*), (*b*), (*c*) en (*e*) van hierdie regulasie mag die bewerking van walvisse wat gedurende 'n oop-seisoen gevang was, na afloop van die oop-seisoen voltooi word."

✱ No. 989.] [2 Mei 1952.

WYSIGING VAN REGULASIES OP MATE EN GEWIGTE.—VERBETERINGSKENNISGEWING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die woord „ their " in die derde reël van die Engelse teks van regulasie 5 (2) (*g*) wat by Goewermentskennisgewing No. 534 van 21 Maart 1952 gepubliseer is, „ then " moet lui.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

✱ No. 952.] [2 Mei 1952.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikels *twee-en-veertig* en *drie-en-veertig* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), en synde die mening toegedaan dat die vertraging wat meegebring sal word deur kennisgewing in die *Staatskoerant* van sy voorneme om die regulasies wat kragtens die Wet opgestel is te wysig, tot nadeel van die openbare belang sal wees, die regulasies wat kragtens artikels *dertien, ses-en-dertig* en *twee-en-veertig*, van genoemde Wet opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 575 van 28 Maart 1930, soos gewysig, uitgevaardig is, met ingang van die datum hiervan verder gewysig het deur die skrapping van regulasie 14 *bis* en die vervanging daarvan deur die volgende:—

„ 14 *bis*. (1) In hierdie regulasie beteken ' mineraalolie ' enige koolwaterstofproduk hetsy vloeibaar, half-vloeibaar of solied wat verkry is uit enige bestanddeel van minerale oorsprong, en omvat dit petroleumolie, witolies, petroleumjellies en paraffienwas.

(2) Niemand mag voedsel wat mineraalolie bevat of voedsel wat by die produksie, vervaardiging of bereiding daarvan met mineraalolie in aanraking gekom het, verkoop nie; met dien verstande dat rosyntjies (behalwe Thompson se pitlose rosyntjies), sultanas en pruimedante of voedsel wat noodwendig met mineraalolie, wat noodsaaklik is as 'n smeermiddel by masjinerie en toestelle waarmee sulke voedsel noodwendig in aanraking kom gedurende die loop van produksie, vervaardiging of bereiding, of

tion, or food which has come into contact with mineral oil as a result of necessary measures taken for the prevention of decay or insect infestation of such food, or food which is packed in wax cartons or wax paper, may contain not more than 0·2 per cent. by weight of mineral oil."

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

✱ No. 968.] [22 April 1952.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAME, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—" OUDSTUDENTE SPORT-UNIE, PRETORIA ".

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the badge of the " Oudstudente Sport-Unie, Pretoria ", as described in Government Notice No. 144 of the 4th January, 1952.

✱ No. 969.] [22 April 1952.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—PIETERMARITZBURG WANDERERS CLUB.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, special name and badge of the Pietermaritzburg Wanderers Club, Pietermaritzburg, as described in Government Notice No. 142 of the 4th January, 1952.

✱ No. 975.] [2 May 1952.

BUREAU OF CENSUS AND STATISTICS.

The Director of Census and Statistics notifies for general information that the retail price index numbers for March, 1952, are as follows:—

voedsel wat as gevolg van 'n noodsaaklike maatreël ten einde bederf of insekbesmetting van sulke voedsel te voorkom, met mineraalolie in aanraking gekom het, of voedsel wat in waskartondose of waspapier verpak is, hoogstens 0·2 persent volgens gewig aan mineraalolie mag bevat."

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 968.] [22 April 1952.

AANSOEK OM REGISTRASIE OOREENKOMSTIG DIE BEPALINGS VAN DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—OUDSTUDENTE SPORT-UNIE, PRETORIA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die wapen van die Oudstudente Sport-Unie, Pretoria, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 144 van 4 Januarie 1952, geregistreer het.

✱ No. 969.] [22 April 1952.

REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—„ PIETERMARITZBURG WANDERERS CLUB ".

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, spesiale naam en wapen van die „ Pietermaritzburg Wanderers Club ", Pietermaritzburg, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 142 van 4 Januarie 1952, geregistreer het.

✱ No. 975.] [2 Mei 1952.

BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK.

Die Direkteur van Sensus en Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die kleinhandelprys-indekssyfers vir Maart 1952, as volg is:—

RETAIL PRICE INDEX NUMBERS FOR MARCH, 1952.—*KLEINHANDELPRYS-INDEKSSYFERS VIR MAART* 1952.

Area. *Gebied.*	*Basis.*—Each area compared with the weighted average of the nine areas in 1938 = 100. Basis.—*Elke gebied vergelyk met die beswaarde gemiddelde vir die nege gebiede in* 1938 = 100.			*Basis.*—Each area compared with itself in 1938 = 100. Basis.—*Elke gebied vergelyk met homself in* 1938 = 100.		
	Food. *Voedsel.*	All Items (Excluding Rent). *Alle items (huur uitgesonderd).*	All Items. *Alle items.*	Food. *Voedsel.*	All Items (Excluding Rent). *Alle items (huur uitgesonderd).*	All Items. *Alle items.*
				*	*	*
1. Cape Town/*Kaapstad*	211·3	200·3	178·4	210·5	198·9	184·1
2. Port Elizabeth	207·7	196·9	176·3	208·3	200·9	186·2
3. East London/*Oos-Londen*	195·7	194·5	176·8	199·7	193·5	179·7
4. Kimberley	201·1	197·7	172·0	209·0	198·5	190·7
5. Pietermaritzburg	211·1	200·5	177·1	210·9	199·5	186·8
6. Durban	209·3	198·2	182·5	208·1	199·0	184·3
7. Pretoria	206·5	200·4	189·6	205·3	198·2	184·1
8. Witwatersrand	208·1	199·3	184·2	206·9	199·7	179·4
9. Bloemfontein	202·7	199·5	180·2	212·7	198·1	182·2
Weighted average of nine areas, March, 1952	207·7	199·2	182·1†	207·7	199·2	182·1†
Beswaarde gemiddelde van nege gebiede, Maart 1952						
Weighted average of nine areas, February, 1952	207·3	199·0	181·9	207·3	199·0	181·9
Beswaarde gemiddelde van nege gebiede, Februarie 1952						

* These figures are not comparable vertically.
* *Hierdie syfers is nie vertikaal vergelykbaar nie.*
Clothing.—The index for clothing in March, 1952, was 293·3 compared with 293·0 in February, 1952, on the basis 1938 = 100.
Klerasie.—*Die indeks ten opsigte van klerasie vir Maart* 1952 *was* 293·3 *vergeleke met* 293·0 *vir Februarie* 1952 *op die basis* 1938 = 100.
† Compared with February, 1952, this represents an increase of 0·1 per cent.
† *In vergelyking met Februarie* 1952 *beteken dit 'n vermeerdering van* 0·1 *persent.*

✱ No. 983.] [23 April 1952.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—"GRAAFF-REINET RUGBY FOOTBALL CLUB."

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, uniform and badge of the "Graaff-Reinet Rugby Football Club", Graaff-Reinet, as described in Government Notice No. 143 of the 4th January, 1952.

✱ No. 984.] [23 April 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 94.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

1. "Ballyhoo No. 6."
2. "The Triumph of Willie Pond" by Caroline Slade.
3. "Calender Pictures":—
   (*a*) "Greetings."
   (*b*) "Pretty Doggy."
   (*c*) "The Pay-Off."
   (*d*) "Heat Wafe."
   (*e*) "Washday Line-up."
   (*f*) "The Real Thing."
   (*g*) "Putting on the Dog."
   (*h*) "A Wake in the Deep."
   (*i*) "Slip Knot."
   (*j*) "Fall, Girl."
   (*k*) "Some Pumpkins."
   (*l*) "Shaping Up."
   (*m*) "Doggone Cold."
4. "How to be a Good Communist" by Liu Shao-Chi.
5. "China's Revolutionary Wars" (in three parts) by Chu Teh, Nieh Jung-Chen and Hsiao Hua.
6. "How the Tillers Win back Their Land" by Hsiao Ch'ien.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 985.] [23 April 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 93.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

1. "Clubman" Special Glamour & Humour Edition. (All issues.)

✱ No. 983.] [23 April 1952.

AANSOEK OM REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—GRAAFF-REINET RUGBY VOETBAL KLUB.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, uniform en wapen van die Graaff-Reinet Rugby Voetbal Klub, Graaff-Reinet, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 143 van 4 Januarie 1952, geregistreer het.

✱ No. 984.] [23 April 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 94.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. „Ballyhoo No. 6."
2. „The Triumph of Willie Pond" deur Caroline Slade.
3. „Calender Pictures":—
   (*a*) „Greetings."
   (*b*) „Pretty Doggy."
   (*c*) „The Pay-Off."
   (*d*) „Heat Wafe."
   (*e*) „Washday Line-up."
   (*f*) „The Real Thing."
   (*g*) „Putting on the Dog."
   (*h*) „A Wake in the Deep."
   (*i*) „Slip Knot."
   (*j*) „Fall, Girl."
   (*k*) „Some Pumpkins."
   (*l*) „Shaping Up."
   (*m*) „Doggone Cold."
4. „How to be a good Communist" deur Liu Shao-Chi.
5. „China's Revolutionary Wars" (in three parts) deur Chu Teh, Nieh Jung-Chen en Hsiao Hua.
6. „How the Tillers Win Back Their Land" deur Hsiao Ch'ien.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag geen uitgawe van vermelde publikasies derhalwe in die Unie ingevoer word nie, en enigeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 985.] [23 April 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 93.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. „Clubman" Special Glamour & Humour Edition. (Alle uitgawes.)

2. "Clubman" Special Entertainment for Men Edition. (All issues.)
3. "News", a fortnightly searchlight on World Events. (All issues.)

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 964.] [2 May 1952.

APPOINTMENTS TO COMMISSIONED RANK IN THE UNION DEFENCE FORCES.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under sub-section (5) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912, to appoint to commissioned rank in the Union Defence Forces, with effect from the dates stated, the persons named hereunder, who are posted to the Force and Units as indicated above their respective names:—

SOUTH AFRICAN PERMANENT FORCE.

ARMY.

General Duties Branch.

As Second Lieutenant (on probation) (short service commission).—Johan Andries Lombard, 12th February, 1952.

Technical and Administrative Branch.

As Captain (on probation) (short service commission).—Roelof Charl van der Merwe, *M.B., Ch.B.*, 21st November, 1951.

SOUTH AFRICAN AIR FORCE.

Technical and Administrative Branch (Technical).

As Lieutenants (on probation) (in alphabetical order).—Warrant Officer, Class II, Petrus Jacobus Botha, 1st January, 1952, and Air Sergeant Austin Donald Collins, 1st December, 1952.

ACTIVE CITIZEN FORCE.

3 *Coast Regiment, South African Artillery.*

As Second Lieutenant.—Acting Sergeant Colin Marshall, 31st January, 1952.

7 *Heavy Battery, South African Artillery.*

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Bombardiers Jacobus Wynand Kotze Ehlers and Martin Horak Compion, 17th August, 1951.

3 *Field Regiment, South African Artillery (Transvaal Horse Artillery).*

As Second Lieutenant.—Gunner Allan Goldman, 17th January, 1952.

1 *Anti-Tank Regiment, South African Artillery (Pretoria Highlanders).*

As Quartermaster, with rank of Lieutenant.—Staff Sergeant Michael Daly, 17th January, 1952.

South African Air Force (V).

As Temporary Second Lieutenant.—Flight Sergeant Thomas Frank Carswell, 14th July, 1945.

South African Naval Forces (V).

As Midshipman.—Trevor John Arthur William Henry Jeffery, late temporary Midshipman, Royal Naval Reserve, 10th September, 1943.

1 *Battalion, The Royal Durban Light Infantry.*

As Second Lieutenant.—Sergeant Harris Gratton, 18th January, 1952.

2 *Battalion, The Royal Durban Light Infantry.*

As Second Lieutenant.—Corporal Nicholas Francis Colepeper, 18th January, 1952.

2. „Clubman" Special Entertainment for Men Edition. (Alle uitgawes.)
3. „News", A Fortnightly Searchlight on World Events. (Alle uitgawes.)

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag geen uitgawe van vermelde publikasies derhalwe in die Unie ingevoer word nie, en enigeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 964.] [2 Mei 1952.

AANSTELLINGS MET OFFISIERSRANG BY DIE UNIE-VERDEDIGINGSMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-twintig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, die ondergenoemdes met offisiersrang by die Unie-Verdedigingsmag aan te stel van die vermelde datums af. Die name van die mag en eenheid waarby hulle ingedeel is, verskyn bo hulle name:—

SUID-AFRIKAANSE STAANDE MAG.

LEËR.

Tak Algemene Diens.

Tweede luitenant (op proef) (kortdiensaanstelling).—Johan Andries Lombard, 12 Februarie 1952.

Tegniese en Administratiewe Tak.

Kaptein (op proef) (kortdiensaanstelling).—Roelof Charl van der Merwe, *M.B., Ch.B.*, 21 November 1951.

SUID-AFRIKAANSE LUGMAG.

Tegniese en Administratiewe Tak (Tegnies).

Luitenant (op proef) (in alfabetiese volgorde).—Adjudant-offisier, klas II, Petrus Jacobus Botha, 1 Januarie 1952, en lugsersant Austin Donald Collins, 1 Desember 1952.

AKTIEWE BURGERMAG.

3 *Kusregiment, Suid-Afrikaanse Artillerie.*

Tweede luitenant.—Waarnemende sersant Colin Marshall, 31 Januarie 1952.

7 *Battery Swaar Geskut, Suid-Afrikaanse Artillerie.*

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Bombardiers Jacobus Wynand Kotze Ehlers en Martin Horak Compion, 17 Augustus 1951.

3 *Veldregiment, Suid-Afrikaanse Artillerie (Transvaal Horse Artillery).*

Tweede luitenant.—Kanonnier Allan Goldman, 17 Januarie 1952.

1 *Tenkafweerregiment, Suid-Afrikaanse Artillerie (Pretoria Highlanders).*

Kwartiermeester, met die rang van luitenant.—Stafsersant Michael Daly, 17 Januarie 1952.

Suid-Afrikaanse Lugmag (V).

Tydelike tweede luitenant.—Vlugsersant Thomas Frank Carswell, 14 Julie 1945.

Suid-Afrikaanse Seemag (V).

Adelbors.—Trevor John Arthur William Henry Jeffery, voorheen tydelike adelbors, Royal Naval Reserve, 10 September 1943.

1 *Bataljon, The Royal Durban Light Infantry.*

Tweede luitenant.—Sersant Harris Gratton, 18 Januarie 1952.

2 *Bataljon, The Royal Durban Light Infantry.*

Tweede luitenant.—Korporaal Nicholas Francis Colepeper, 18 Januarie 1952.

First City.

As Second Lieutenant.—Corporal William Dunbar Maytham, 18th January, 1952.

Kimberley Regiment.

As Second Lieutenants (in order of Seniority).—Acting Warrant Officer, Class II, Arthur Purl Rice, Acting Staff Sergeant Dennis Charles Rowe, Acting Sergeants Ian Graham Martin, Adriaan Pieter van Jaarsveld and Alexander Ian Kirkpatrick, 11th February, 1952.

1 *Battalion, Pretoria Regiment (Princess Alice's Own).*

As Second Lieutenant.—Private Errol Kelsey Reck, 23rd January, 1952.

1 *Regiment Botha.*

As Second Lieutenants (in order of seniority).—Warrant Officer, Class I, Douglas Cairncross, Warrant Officer, Class II, Jacobus Andries Booysens, Acting Corporals Johannes Hendrik van Staden and David Woodhouse, *B.Com.*, 30th November, 1951.

As Second Lieutenant.—Private Niel Stork, 11th January, 1952.

Regiment De Wet.

As Commandant.—Johannes Marthinus Wentzel, late Commandant, Ventersburg Skiet Commando, 2nd May, 1951.

Regiment Louw Wepener.

As Second Lieutenant.—Private Adrianus Johannes Joubert, 18th January, 1952.

General List (Cadet Section).

As Lieutenant.—Cornelius Andreas Grobler, *B.A.*, 25th January, 1942.

As Second Lieutenants (in alphabetical order).—Dirk Jacobus Petrus Bester, 16th July, 1950, Jacobus Jacob Bester, *B.A.*, 27th July, 1947, Hendrik Gideon Brand and Serverus Marthinus Cerff, *B.A.*, 14th July, 1951, Hendrik Jacobus Celliers, *B.Sc.*, *B.Ed.*, 23rd July, 1950, Cornelius Johannes du Toit, *B.A.*, and Johannes Willem Germishuys, 21st January, 1951, Casper Willem Heunis, *B.A.*, 22nd January, 1950, David Stephanus Jacobs, *B.A.*, 14th July, 1951, Edmund Jacobs, *B.Sc.*, 16th July, 1950, Daniel Jacobus Kritzinger, 20th January, 1951, Pieter Jacobus Labuschagne, 14th July, 1951, Douw Lodewicus Steyl Linde, 27th July, 1947, Carel Hercules Jacobus Neethling, *B.Sc.*, 21st July, 1951, Francois Gerhardus Nienaber, *B.A.*, *B.Ed.*, 21st January, 1951, Anthony Hermanus Potgieter, *B.A.*, 14th July, 1951, Frederick Jacobus Schoombie, *B.A.*, *B.Ed.*, 21st January, 1951, Frederick Johannes Strauss, *B.A.*, *B.Ed.*, *A.I.C.B.*, 14th July, 1951, Willem Johannes van der Westhuizen, 16th July, 1950, Stefanus Hertzog van Huyssteen, *B.Com.*, and Christoffel Philippus Venter, *B.A.*, 21st July, 1951 and Johan Georg Wasserman, 21st January, 1951.

6 *Field Ambulance, South African Medical Corps.*

As Captain.—Francis Victor Trotter, *M.B.*, *Ch.B.*, 5th February, 1952.

As Lieutenant.—Leon Heinrich Grundlingh, M.B., *Ch.B.*, 5th February, 1952.

RESERVE OF OFFICES.

General List (Section I).

As Lieutenant.—Sydney Eustace Denys Brown, 30th July, 1949.

South African Air Force Special Reserve of Flying Officers.

As Captain.—Ian Le Cordeur Bergh, late Flight Lieutenant, Royal Air Force, 29th December, 1951.

As Second Lieutenants (in alphabetical order).—Pupil Pilot Willem Francois Maritz, 9th January, 1943, and Warrant Officer, Class I, Edward Arthur Seaward, 18th January, 1952.

War Reserve, South African Naval Forces.

As Sub-Lieutenant.—Patrick Raymond Ashton, 5th May, 1950.

[A.G. (1) K. 372/2/301.]

First City.

Tweede luitenant.—Korporaal William Dunbar Maytham, 18 Januarie 1952.

Kimberley Regiment.

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Waarnemende adjudant-offisier, klas II, Arthur Purl Rice, waarnemende stafsersant Dennis Charles Rowe, waarnemende sersante Ian Graham Martin, Adriaan Pieter van Jaarsveld en Alexander Ian Kirkpatrick, 11 Februarie 1952.

1 *Bataljon, Pretoria Regiment (Princess Alice's Own).*

Tweede luitenant.—Manskap Errol Kelsey Reck, 23 Januarie 1952.

1 *Regiment Botha.*

Tweede luitenant (in volgorde van ansiënniteit).—Adjudant-offisier, klas I, Douglas Cairncross, adjudant-offisier, klas II, Jacobus Andries Booysens, waarnemende korporaals Johannes Hendrik van Staden en David Woodhouse, *B.Com.*, 30 November 1951.

Tweede luitenant.—Manskap Niel Stork, 11 Januarie 1952.

Regiment De Wet.

Kommandant.—Johannes Marthinus Wentzel, voorheen kommandant, Ventersburg se Skietkommando, 2 Mei 1951.

Regiment Louw Wepener.

Tweede luitenant.—Manskap Adrianus Johannes Joubert, 8 Januarie 1952.

Algemene Lys (Afdeling Kadette).

Luitenant.—Cornelius Andreas Grobler, *B.A.*, 25 Januarie 1942.

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Dirk Jacobus Petrus Bester, 16 Julie 1950, Jacobus Jacob Bester, *B.A.*, 27 Julie 1947, Hendrik Gideon Brand en Serverus Marthinus Cerff, *B.A.*, 14 Julie 1951, Hendrik Jacobus Celliers, *B.Sc.*, *B.Ed.*, 23 Julie 1950, Cornelius Johannes du Toit, *B.A.*, en Johannes Willem Germishuys, 21 Januarie 1951, Casper Willem Heunis, *B.A.*, 22 Januarie 1950, David Stephanus Jacobs, *B.A.*, 14 Julie 1951, Edmund Jacobs, *B.Sc.*, 16 Julie 1950, Daniel Jacobus Kritzinger, 20 Januarie 1951, Pieter Jacobus Labuschagne, 14 Julie 1951, Douw Lodewicus Steyl Linde, 27 Julie 1947, Carel Hercules Jacobus Neethling, *B.Sc.*, 21 Julie 1951, Francois Gerhardus Nienaber, *B.A.*, *B.Ed.*, 21 Januarie 1951, Anthony Hermanus Potgieter, *B.A.*, 14 Julie 1951, Frederick Jacobus Schoombie, *B.A.* *B.Ed.*, 21 Januarie 1951, Frederick Johannes Strauss, *B.A.*, *B.Ed.*, *A.I.C.B.*, 14 Julie 1951, Willem Johannes van der Westhuizen, 16 Julie 1950, Stefanus Hertzog van Huyssteen, *B.Com.*, en Christoffel Philippus Venter, *B.A.*, 21 Julie 1951, en Johan Georg Wasserman, 21 Januarie 1951.

6 *Veldambulans, Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.*

Kaptein.—Francis Victor Trotter, *M.B.*, *Ch.B.*, 5 Februarie 1952.

Luitenant.—Leon Heinrich Grundlingh, *M.B.*, *Ch.B.*, 5 Februarie 1952.

RESERWE VAN OFFISIERE.

Algemene Lys (Afdeling I).

Luitenant.—Sydney Eustace Denys Brown, 30 Julie 1949.

Suid-Afrikaanse Lugmag se Spesiale Reserwe van Offisiersvlieërs.

Kaptein.—Ian Le Cordeur Bergh, voorheen vlugluitenant, Royal Air Force, 29 Desember 1951.

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Leerlingvlieër Willem Francois Maritz, 9 Januarie 1943, en adjudant-offisier, klas I, Edward Arthur Seaward, 18 Januarie 1952.

Oorlogsreserwe, Suid-Afrikaanse Seemag.

Onderluitenant.—Patrick Raymond Ashton, 5 Mei 1950.

[A.G. (1) K. 372/2/301.]

✱ No. 970.] [2 May 1952.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, SIMONSTOWN.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by Coastal Artillery during Fortress Manning at Simonstown on the dates and at the times stated below:—

Dates.	*Time.*	*Battery and Nature of Practice.*
12.5.52.	1000–1700 hours.	Noah's Ark Battery, 6″ half-charge, 48 rounds. Scala Battery, 6 pounder sub-calibre, 80 rounds.
13.5.52.	1000–1700 hours.	Scala Battery, 9·2″ three-quarter charge, 30 rounds.

2. The series scheduled for the above dates are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will take place on either 14th May, 1952, or 15th May, 1952.

3. Residents in the vicinities as stated in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practice.

4. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea area as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

5. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the Officer in Command or any member of the safety patrols.

6. The Officer Commanding, Cape Command, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at The Castle, Cape Town, not later than 15th June, 1952.

SCHEDULE.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

North-western corner:—
Latitude 34° 10′, Longitude 18° 26′.

North-eastern corner:—
Latitude 34° 6′, Longitude 18° 38′.

South-eastern corner:—
Latitude 34° 14′, Longitude 18° 42′.

South-western corner:—
Latitude 34° 16′, Longitude 18° 34′.

✱ No. 971.] [2 May 1952.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, STRANDFONTEIN, IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF WYNBERG.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by A. A. Artillery during Fortress Manning at Strandfontein on the date and at the times stated below:—

Date.	*Time.*	*Battery and Nature of Practice.*
15.5.52.	0900–1230 hours.	3·7″.

The series scheduled for the above date are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will take place on the 16th May, 1952.

2. Residents in the vicinities as stated in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practice.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea area as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the Officer in Command or any member of the safety patrols.

✱ No. 970.] [2 Mei 1952.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING, SIMONSTAD.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefening ter see gedurende vestingbemanning deur die Kusartillerie te Simonstad gehou sal word op die datums en ure hieronder vermeld:—

Datums.	*Ure.*	*Battery en aard van skietoefening.*
12.5.52.	1000–1700-uur.	Noah's Ark-battery, 6″ met halflading, 48 skote. Scala-battery, sesponder met spaarkaliber, 80 skote.
13.5.52.	1000–1700-uur.	Scala-battery, 9·2″ met driekwartlading, 30 skote.

2. Die sarsies wat vir bogemelde datums bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op òf 14 Mei 1952 òf 15 Mei 1952 plaasvind.

3. Bewoners van die omgewing in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefening plaasvind.

4. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied wat in die Bylae hiervan bepaal word, binne te gaan terwyl die skietoefening aan die gang is.

5. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings wat kragtens die bepalings hiervan uitgegee is, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

6. Die Bevelvoerende Offisier, Kommandement Kaap, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of op 15 Junie 1952 by sy kantoor by Die Kasteel, Kaapstad, ingedien word.

BYLAE.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

Noordwestelike hoek:—
Breedtegraad 34° 10′, Lengtegraad 18° 26′.

Noordoostelike hoek:—
Breedtegraad 34° 6′, Lengtegraad 18° 38′.

Suidoostelike hoek:—
Breedtegraad 34° 14′, Lengtegraad 18° 42′.

Suidwestelike hoek:—
Breedtegraad 34° 16′, Lengtegraad 18° 34′.

✱ No. 971.] [2 Mei 1952.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING, STRANDFONTEIN, IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK WYNBERG.

1. Ter inligting word bekendgemaak, dat skietoefening ter see gedurende vestingbemanning deur die Lugafweerartillerie te Strandfontein gehou sal word op die datum en ure hieronder vermeld:—

Datum.	*Uur.*	*Battery en aard van skietoefening.*
15.5.52.	0900–1230-uur.	3·7″.

Die sarsies wat vir bogenoemde datum bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op 16 Mei 1952 plaasvind.

2. Bewoners van die omgewing in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefening plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied wat in die Bylae hiervan bepaal word, binne te gaan terwyl die skietoefening aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings wat kragtens die bepalings hiervan uitgegee is, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

5. The Officer Commanding, Coastal Command, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at The Castle, Cape Town, not later than 16th June, 1952.

SCHEDULE.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

Firing Point:—

Longitude 18° 33′, Latitude 34° 5′ 30″.
Longitude 18° 29′, Latitude 34° 16′.
Longitude 18° 49′, Latitude 34° 16′.
Longitude 18° 49′, Latitude 34° 10′.

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 976.] [2 May 1952.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

PRESCRIPTION OF COURSES OF TRAINING.—MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING INDUSTRY, ORANGE FREE STATE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provision of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the Apprenticeship Committee established for the Mechanical and Electrical Engineering Industry in the Province of the Orange Free State by Government Notice No. 1 of the 1st January, 1926, as amended by Government Notice No. 2227 of the 31st October, 1947, prescribe in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act in the Province of the Orange Free State as a condition of apprenticeship that every employer of an apprentice indentured in the trade of architectural metal worker shall give such apprentice general training in the reading of plans and details; handling of machines, viz. shapers, lathes, saws, drills, and folders; electric and acetylene welding of stainless steel, aluminium steel and bronze; sheetmetal work in all metals; scroll work, tube shaping and balustrade and screen making; handling of draw-bench and making dies; practical fitting emphasizing fitting of joints; assembly and erection of jobs.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 977.] [2 May 1952.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

PROPOSED PRESCRIPTION OF COURSES OF TRAINING.—MECHANICAL ENGINEERING INDUSTRY, TRANSVAAL.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the apprenticeship committee established for the Mechanical Engineering Industry in the Province of the Transvaal by Government Notice No. 254 of the 3rd February, 1925, as amended by Government Notice No. 202 of the 30th January, 1948, propose to prescribe in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act in the Province of the Transvaal, the undermentioned conditions as conditions of apprenticeship in the designated trade of roll turner.

CONDITIONS.

Every employer who employs an apprentice in the trade of roll turning shall—

(i) give such apprentice such practical training as is indicated in column A below; and

5. Die Bevelvoerende Offisier, Kuskommandement, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of op 16 Junie 1952 by sy kantoor by Die Kasteel, Kaapstad, ingedien word.

BYLAE.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

Vuurpunt:—

Lengtegraad 18° 33′, Breedtegraad 34° 5′ 30″.
Lengtegraad 18° 29′, Breedtegraad 34° 16′.
Lengtegraad 18° 49′, Breedtegraad 34° 16′.
Lengtegraad 18° 49′, Breedtegraad 34° 10′.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 976.] [2 Mei 1952.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

VOORSKRYWING VAN OPLEIDINGSKURSUSSE, MEGANIESE EN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSWESE, ORANJE-VRYSTAAT.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die komitee vir vakleerlinge wat vir die Meganiese en Elektrotegniese Ingenieurswese in die Provinsie Oranje-Vrystaat ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 1 van 1 Januarie 1926, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 2227 van 31 Oktober 1947, skryf kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van die genoemde Wet, as 'n leervoorwaarde voor dat elke werkgewer van 'n vakleerling, vir die bedryf argitektoniese metaalwerker ingeboek, die vakleerling 'n algemene opleiding moet gee in die lees van planne en besonderhede, die hanteer van masjiene soos fatsoeneerders, draaibanke, sae, bore en vouers, elektriese en aseteleensweis van vleklose staal, aluminiumstaal en brons; metaalplaatwerk in alle metale, krulwerk, buisfatsoeneerwerk en trapleuning- en skermvervaardiging; hantering van trekbank en stempels maak; praktiese monteer met nadruk op monteer van lasse; inmekaarsit en oprig van werk.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 977.] [2 Mei 1952.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

VOORGENOME VOORSKRYWING VAN OPLEIDINGSKURSUSSE.—MEGANIESE INGENIEURSWESE, TRANSVAAL.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die komitee vir vakleerlinge wat vir die meganiese ingenieurswese in die Provinsie Transvaal ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 254 van 3 Februarie 1925, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 202 van 30 Januarie 1948, is van voorneme om ondergenoemde voorwaardes kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van die genoemde Wet, in die Provinsie Transvaal voor te skryf as leervoorwaardes in die aangewese bedryf walsdraaiwerk.

VOORWAARDES.

Elke werkgewer wat 'n vakleerling in die bedryf walsdraaiwerk in diens neem, moet—

(i) dié vakleerling die praktiese opleiding gee wat in kolom A hieronder aangedui word; en

(ii) in addition to the training specified in (i) above, such practical training as is indicated in column B below to the extent to which facilities exist in his establishment.

A.	B.
The use of a rule, calipers, sliding calipers, percentage gauge, feelers, straight edges, taper sticks, templates, etc. General and/or special training in the grinding, mounting, setting up and using of various types and grades of cutting tools, for different roll qualities and alloys	Centring and turning down rough forgings. Turning, grinding and polishing roll necks, wobbles, etc., and parting off.
Reading and interpreting roll drawings..	—
Marking out of new rolls.....	—
Roughing or hogging out rolls (Passes included)	—
Recognising roll qualities and determining turning speeds	—
Roll projection and the use of templates, for the finished turning of rolls and roll passes for standard sections e.g. rails, joists, channels, angles, rounds, squares, flats	—
Calculation for the dressing of worn passes, after inspection of wear and pass widths and allowances for widths and wear	—

Objections to the above proposals should, in terms of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, be lodged with the Secretary of the Apprenticeship Committee, P.O. Box 4560, Johannesburg, within 30 days of the date of this notice.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱No. 978.] [2 May 1952.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING INDUSTRY, KIMBERLEY.—PRESCRIPTION OF COURSES OF TRAINING.

